

BOEKRESENSIES

J Goldingay, *Approaches to Old Testament interpretation. Updated edition*, Apollos, Leicester 1990, 207pp. Prys £9.95.

John Goldingay is "Principal" van St John's College in Nottingham, Engeland. Die doel van die boek kan die beste in Goldingay se eie woorde opgesom word: "This book is concerned with how we are to understand and appropriate the significance of the OT within the Christian Church in the modern world". Goldingay probeer nie eintlik sy eie benadering formuleer nie, maar probeer eerder 'n oorsig gee van die verskillende benaderings tot die verstaan van die Ou Testament in 'n Christelike konteks. Die boek is dus eintlik 'n *Forschungsgeschichte* van die hermeneutiese problematiek van die Ou Testament.

Goldingay onderskei die volgende vyf benaderingswyses tot die Ou Testament: (i) Die Ou Testament as 'n geloof, as 'n "set of beliefs" oor God en die mens. In dié gedeelte word die verskillende benaderingswyses tot die teologie van die Ou Testament behandel asook die verskil tussen die geloof van die Ou en die Nuwe Testament. (ii) Die Ou Testament as 'n manier van lewe en as korpus van literatuur wat riglyne vir die lewe wil gee. Hier word veral aan die problematiek en aan die hantering en interpretasie van Ou-Testamentiese wette aandag gegee. (iii) Die derde gedeelte handel oor die benadering wat die Ou Testament as heilsgeskiedenis sien, en oor die verhouding van dié heilsgeskiedenis tot die nuwe Testament. (iv) Hierdie gedeelte fokus op die verskillende benaderings wat die Ou Testament as 'n belofte sien wat in Christus sy vervulling beleef. (v) Dié afdeling konsentreer op die verskillende benaderings wat die Ou Testament as "Scripture", as 'n geskrewe dokument hanteer. Hier word sake soos onder andere die Ou-Testamentiese kanon en die interpretasie van die Ou Testament as "Skrif" in Nuwe-Testamentiese tye behandel.

Hierdie boek, is soos aangedui, 'n "updated edition" op die werk wat reeds in 1981 verskyn het. Die "updating" neem die vorm aan van 'n "postscript" waarin daar veral aandag gegee word aan nuwe ontwikkelinge sedert 1981, naamlik die sosiologiese analises, die literêre benaderings tot die Ou Testament en die kanoniese benaderings.

Die boek van Goldingay is 'n goeie boek en bied 'n handige oorsig oor die probleme rondom die interpretasie van die Ou Testament. Die literaturopgawe is ook tot veel nut en bring 'n mens op datum met die belangrikste publikasies op die besondere studieveld. Dit sou eger beter gewees het om die ontwikkelinge sedert 1981 by die res van die boek te integreer, eerder as om dit as 'n soort van aanhangsel by die res van die boek by te voeg.

W S Prinsloo

J J Owens, *Analytical key to the Old Testament. Vol.1. Genesis-Joshua*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1990, 1020pp. Prys onvermeld.

Nadat die vierde volume van hierdie analitiese woordeboek reeds in 1989 verskyn het (vgl resensie in *Skrif en Kerk* 11/2, [1990], 231), volg die eerste volume wat die Ou Testament vanaf

Genesis tot en met Josua dek in 1990. Vanselfsprekend volg hierdie volume presies dieselfde werkswyse as die vorige. Wat van die vorige volume gesê is, kan hier dus herhaal word:

Die doel van dié analitiese Hebreeuse leksikon is om 'n volledige grammatikale en leksikografiese beskrywing van elke woord in die Hebreeuse kanon te gee. Daar word vers vir vers deur die Ou Testament beweeg en van elke woord 'n grammatikale beskrywing gegee. Verder word die bladsyverwysing gegee waarop dié bepaalde woord in *Brown, Driver & Briggs* se Hebreeuse woordeboek verskyn. Daar word ook 'n Engelse vertaling van die woord gegee en by werkwoordvorme word die werkwoordstam ook aangegee. *Biblia Hebraica* word as basis gebruik.

Die oorkoepelende doel van die woordeboek is om aan studente, predikante en teoloë 'n sleutel of hulpmiddel te gee om die Ou Testament beter te kan interpreteer. In die woorde van die outeur: "This key is intended to assist the person who knows some Hebrew but has not retained interpretive or grammatical discernment". Die outeur, John Owens, is 'n kenner van die Hebreeuse taal en het meer as 35 jaar Hebreeus aan die "Southern Baptist Theological Seminary" gedoseer.

Dit kan nie ontken word nie dat hierdie leksikon wel 'n hulpmiddel kan wees by die lees en interpretasie van die Ou Testament. Aan die ander kant kan so 'n leksikon ook gevaarlik wees, omdat dit 'n mens in versoeking kan bring om in plaas van self met die grammatika en 'n gewone woordeboek te worstel 'n maklike ontsappings-roete te gebruik deur dit gou in die analitiese leksikon op te soek. So 'n analitiese woordeboek kan 'n mens dus lui maak, maar selfs dié sonde is te verkies bo die gewoonte om glad nie met die Hebreeuse teks te werk nie.

W S Prinsloo

D R Davis, *No falling words. Expositions of the book of Josua*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1988, 204pp. Prys onvermeld.

Hierdie kommentaar kom uit die kring van die sogenaamde "evangelicals". In die woorde van die outeur dit is nie 'n kritiese, linguïstiese of grammatiese kommentaar op Josua nie. Die outeur is skepties teenoor wat hy die serebrale toestand van die kritiese benaderings noem en die doel van sy kommentaar is dus eerder "to provide a model of what a pastor can do in biblical study if he will sweat over the Hebrew text and assume that the text as we have it was meant to be bread from God to his people". Die bedoeling is dus om 'n uitleg van Josua te gee en ook 'n toepassing vir die Christelike gemeente. Die outeur erken dat die "evangelicals" baie klem lê op die "inspiration, infallibility, and inerrancy" van die Skrif en hy onderskryf uit die aard van die saak ook dié benadering. Na sy mening word daar egter te min aandag aan die "instructability" - die toepassing - van die Skrif gegee, en dit is wat hy dan veral in die kommentaar wil doen.

Vanuit die "evangelical"-hoek gesien is dit sekerlik 'n groot sukses, maar die kommentaar van Davis kyk tog die literêr-kritiese en historiese probleme te maklik mis. Die outeur is ook geneig om balansstrukture op 'n geforseerde wyse oral in te lees. Hoewel hy probeer om die Ou Testament relevant te maak, word die toepassings na die Nuwe Testament toe op 'n te gedwonge wyse gemaak. Ek beveel dus die kommentaar, wat vir my benadering na die fundamentalistiese kant toe neig, met huiwering aan.

W S Prinsloo

A Gileadi, *Israel's apostasy and restoration. Essays in honor of Roland K Harrison*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1988, 325pp. Prys onvermeld.

Hierdie boek is 'n *Festschrift* ter ere van R K Harrison, emeritus professor van die Wycliff College, Universiteit van Toronto. Harrison se bekendste werk is sy *Introduction to the Old Testament*. Harrison is 'n bekende "konserwatiewe" geleerde - sommige sou hom eerder 'n fundamentalis wou noem - wat hom telkens teen die "liberalisme" en veral teen die literêr-kritiese metodes uitgespreek het.

Dit is dus te verwagte dat 'n huldigingsbundel ter ere van Harrison ook uit die sogenaamde "evangelical"-kring sou kom. Die boek moet dan ook vanuit dié perspektief gelees word. Behalwe om Harrison daarmee te vereer, is die doel van die boek in die woorde van die redakteur "to break new ground in biblical scholarship". Die sentrale tema van die boek, soos wat dit ook in die titel tot uiting kom, is die "central and peripheral aspects of Israel's apostasy and restoration in the light of prophetic thought". Altesaam 24 geleerdes, hoofsaaklik vanaf Kanada en die VSA afkomstig, werk mee aan die boek. Omdat dit onmoontlik is om in 'n resensie van hierdie omvang die bydraes krities te bespreek of selfs die inhoud van almal weer te gee, gaan ek slegs kortliks die inhoud weergee van dié bydraes wat ek as die belangrikstes beskou.

Waltke verduidelik die verhouding tussen God se belofte aan Abraham en dié aan Dawid, asook die verpligtinge wat Hy op Israel gelê het. Die belangrikste gedagte wat Dumbrell na vore wil bring, is dat die Sinaiverbond basies 'n onvoorwaardelike verbond is. Youngblood voer aan dat die Hebreuse profesie as bron beskou moet word vir die belangrikste temas van die Hebreuse apokaliptiek. Oswald probeer die hipotese weerlê dat Israel sekere godsdienstige begrippe by die buurvolkere geleen het. Bullock ondersoek die belangrike rol wat die priesters in die na-eksiliese tyd gespeel het, asook hulle verhouding tot die konings en die profete. Watts gee 'n oorsig van die manier waarop die profete die Babiloniese afgodsdienste geskilder het.

Dit is egter te betwyfel of die boek, soos die redakteur dit wil hê, baanbrekerswerk is. Dat dit egter 'n gepaste huldiging vir Harrison is, kan nie betwyfel word nie, want dit is immers geskrywe vanuit basies dieselfde perspektief as wat die jubilaris gewerk het.

W S Prinsloo

P C Potgieter, *Skrif, dogma & verkondiging*, Lux Verbi, Kaapstad 1990, 67 pp. Prys R19,50.

Prof Potgieter maak erns met die belydenis sola scriptura. Dit kan nie anders nie, want op dié belydenis staan of val die kerk en sy prediking. Die dogma kan ook nie sonder die toetsende en normerende krag van die Skrif klaarkom nie. Oor al die sake bied Potgieter klarigheid. Die gesag van die Woord kom vanuit verskillende perspektiewe aan die bod. Hy doen dit vanuit 'n bepaalde posisie, naamlik die gereformeerde belydenis. Hiermee ontken hy nie dat daar ook ander posisies is nie. Pluraliteit vra juis ko-eksistensie, maar sonder prysgawe van die gesag van die Skrif. Prof Potgieter behandel die doel en die inhoud van die verkondigde Woord op 'n bevatlike en helder wyse. Dit is duidelik dat hy met al die probleemvelde vertrou is. Wanneer hy Woordverkondiging as explicatio en applicatio beskryf, is Potgieter tuis op die tradisioneel gereformeerde werf. Die nuwere homiletiek het met reg afskeid geneem van die soort

onderskeidinge wat op 'n dualisme berus. Teks en konteks moet veel meer in mekaar geweef word. Dit beteken natuurlik nie dat die teks sy gesag inboet nie, maar juis uitmond in die werklikheid.

Die lees van die werk het my genoeë verskaf. Dit is 'n duidelike koersaanwysing vir die gelowige in sy verstaan van die plek en die funksie van die Skrif. Ek beveel die lees hiervan van harte aan.

C J A Vos

M Bauman, *Roundtable. Conversations with European Theologians*, Baker Book House, Grand Rapids 1990, 142pp. Prys nie vermeld nie.

Bauman is 'n Amerikaanse Evangelical wat oortuig is dat die Evangelicals te eng lees en te veel net op hul eie bronne teer. Hy glo hulle moet blootgestel word aan teoloë uit ander tradisies. Daarom het hy 'n elftal Europese teoloë gekies en met elkeen van hulle oor dieselfde vraag gespreek gevoer. In *Roundtable* publiseer hy hierdie gesprekke.

Die teoloë wat hy gekies het, vertoon 'n interessante verskeidenheid. Daar is Protestante, Ortodokse, Anglikane en Katolieke; daar is Duitsers, Hollanders, Engelse en Skotte; daar is professore en gewone gelowiges; daar is mans en dames (Sölle en Ward). Onder hulle is 'n paar wat ons goed behoort te ken: H Berkhof, J Moltmann, W Pannenberg, maar ook onbekendes soos G Moore en K Ware.

Die vraag is interessant en uitdagend: Wie is God? Wat is 'n mens? Waaroor het hy al getwyfel? Watter boeke en/of teoloë het jou die meeste beïnvloed? Waaroor is jy trots? Waaroor is jy jammer? Wat is die onvoltooide taak van die teologie?

Die antwoorde is interessant. Daar is in 150 bladsye nie ruimte vir lang beredenerings nie. Trouens die antwoorde is dikwels verrassend kort, en soms juis daarom uitdagend en stimulerend vir 'n mens se eie nadenke.

Wat ek interessant vind, is onder andere, hulle antwoorde op die vraag wat in hulle geskrifte misverstande wek, en waarom. Soms kry ek die idee dat wat hulle as misverstande van hulle teologie beskou, eerder 'n redelike noukeurige beskrywing daarvan is.

Uiteraard kyk 'n mens eerder na die teoloë en tradisies wat vir jou minder bekend is - en elkeen van ons sal 'n paar hier kry. So is daar biskop Kallistos Ware, 'n Ortodokse biskop. Wat hom nog interessanter maak, is die feit dat hy eers op 24 jarige leeftyd by die Ortodokse Kerk aangesluit het. Dit is egter nie duidelik of hy voorheen aan 'n ander kerk behoort het nie. Sekere van sy beskouings is baie interessant. Hy is beslis daarvoor dat teologie nie 'n wetenskap is nie, en dat net vorme van historiese teologie en filosofiese teologie aan universiteite geleer behoort te word. Hy twyfel of die teoloog ooit gesaghebbend aan studente kan voorhou wat hulle behoort te glo en wat nie. Andersyds sien hy die 'heiliges' as die ware teoloë. 'The theologian is the one who prays; and if you pray truly, you are a theologian' sê hy saam met vader Evagrius (4e eeu) (pp20:21). Verder is twyfel vir hom nie 'n teken van swak geloof nie, maar juis van 'n lewende en groeiende geloof (p22). In verband met evangelisasie sê hy positiewe dinge oor massa-evangelisasie (o a Billy Graham), maar konkludeer dat persoonlike kontak en 'n persoonlike heilige lewe die sendingkrag van die vroeë kerk was. 'Others were converted not so much by what Christians said as by what they were ... We need the same kind of mission today: a mission through personal sanctification and inner prayer' (p23).

Dit is 'n boekie wat maklik lees, baie informatief is, en 'n bietjie lewe gee aan name wat ons soms net op buiteblaaie van boeke lees.

A König

A Cerillo (jr.) en M W Dempster *Salt and Light*. Evangelical Political Thought in Modern America, Baker Book House, Grand Rapids and Christian College Coalition, Washington 1989. Prys onvermeld.

Evangeliese Christene het vandag 'n sterk politieke mag in die Amerikaanse politiek geword. In die media word na hierdie groep as die "born-again politics" verwys. Hiermee word die konserwatiewe Protestantse Christene, met hulle regse morele agenda, onder een noemer saamgevat. Die doel van die boek, uitgegee deur Christian College Coalition, waaraan meer as sewentig instansies behoort, is juis om aan te toon dat hierdie groep inderdaad nie so homogeen is nie. Daar word op teologiese en politieke gronde vier groepe binne die evangeliese kring geïdentifiseer, wat dan in gesprek met mekaar gebring word. Aan die een kant is daar die jonger akademici van die "Evangelical radical left" en aan die ander kant die "Fundamentalist new right". Tussen hierdie twee uiterstes is, links en regs van die middelpunt, die liberale en konserwatiewe groepe.

Die verskeidenheid van standpunte (aksente?) word dan geplaas teen die agtergrond van die Amerikaanse samelewing wat in drie tydperke verdeel word: "From Modern Republicanism to Great Society (1952 - 1968)", "America Coming Apart" (1965 - 1976) en "Born-Again America" (1976 - 1988). In die gedeelte word gewys op die invloed van die verskillende presidente op die evangeliese getuienis en omgekeerd. Die wyse waarop die getuienis gelewer is en die effek wat dit gehad het, staan nie los van belangrike gebeure in die samelewing soos die oorlog in Viëtnam en Watergate nie. Inderdaad word die getuienis nie in 'n sosiale en politieke vakuum gelewer nie. Daarom is dit goed as die kerke hiervan kennis neem en dit eerlik erken. So word 'n belangrike uitgangspunt vir die gesprek hieruit duidelik. Die Christen moet erns maak met die omstandighede rondom hom, omdat dié Christus in Wie hy verlos is, ook Heer van die hele skepping is. Miskien as gevolg van foute in die verlede is ons huiwerig om ons konkreet uit te spreek oor die sosiale vraagstukke van die dag en ly die Christelike getuienis van die kerk in die samelewing daaronder. Dit is juis die kritiek wat die "Evangelical radical left" teen die tradisionele standpunt van die evangeliese kring inbring. Vanuit Reformatoriese standpunt is die beswaar wat teen die evangeliese standpunt van Carl F H Henry ingebring word, dat hulle 'n personele etiek vir wedergebore Christene het, maar nie 'n sosiale etiek waardeur die samelewingsprobleme werklik aangespreek kan word nie. Lewis B Smedes meen dat die gereformeerde teologie in die formulering van 'n sosiale etiek die leiding kan gee. Die kern van die verskil in die standpunte lê volgens hom in die verskillende sienings van menseregte. Vanuit gereformeerde standpunt word menseregte nie gesien as 'n doel op sigself nie, maar as 'n middel tot die doel om God te verheerlik en die medemens te dien. Hierdie standpunte word dan verder toegelig deur verskillende skrywers wat met mekaar in gesprek tree.

Hoewel die konteks waarin die gesprek plaasvind, verskil van die Suid-Afrikaanse konteks, is dit tog duidelik dat die vraagstukke dieselfde is en in 'n toenemende mate ook hier op die kerklike agenda sal verskyn. Vrae soos armoede en gelyke beregtiging, klasse- en

rasseverskille, geregtigheid, morele verval en geweld sal ook hier bespreek moet word tussen Christene wat waarskynlik nog meer van mekaar verskil as die verskeidenheid binne die evangeliese kring in Amerika. Afgesien daarvan dat daar miskien 'n behoefte is aan 'n geloofwaardige instansie soos die "National Association of Evangelicals" (NAE) wat so 'n gesprek kan koördineer, kan daar ook iets geleer word uit die wyse waarop die gesprek gevoer word. Tereg word daar gewaarsku dat solank elkeen net sy eie politieke standpunte as Bybels legitiem sien, sal hulle voortdurend by mekaar verby praat (p145). Vandaar dan die belangrike oproep om ons eie ideologiese standpunte as tentatief te sien en aan die gemeenskaplike geloof in Christus as die Here vas te hou. Die Skrif moet altyd die hoogste gesag hê in ons optrede ten behoeve van geregtigheid, ook in ons politieke optrede (p10). So gesien, kan verskillende gesigspunte juis verrykend wees in 'n veranderende samelewing met wyd uiteenlopende politieke strominge.

Aangesien die gesprek oor die sosiale betrokkenheid van die kerk in ons samelewing gestagneer het of nog nie werklik op dreef gekom het nie, kan hierdie werk met vrymoedigheid aanbeveel word vir die gesprek wat noodwendig moet volg, sodat die kerk werklik die sout van die aarde en die lig van die wêreld kan wees!

D J Dreyer

B J van der Walt, *Anatomy of Reformation*. Flashes and fragments of a reformational world view, 2nd rev ed, Potchefstroom University, Potchefstroom 1991, 580pp (IRS F3 13). Prys R35,00.

Soos die subtitel aandui, is die lywige boek flitse en fragmente oor 'n wêreldbeskouing. Ten spyte van die omvang van die werk kan dit nie die beginsel van hervorming van die kerk, die gemeenskap en die staat in Suid-Afrika volkome dek nie. Dit is net flitse. My indruk is dat dit reekse lesings is wat Bennie van der Walt oor hierdie onderwerp gegee het, wat aangevul is om dit in boekvorm te laat verskyn. Dit het die voordeel dat die boek maklik kommunikeer, maar die nadeel dat die argumente baie herhaal word.

Die uitgangspunt van die boek is dat daar drie basiese benaderings tot 'n situasie is: konserwatief, revolusionêr of ontvluggend. Met goeie eksegetiese toon Van der Walt aan dat daar in die Nuwe Testament goeie voorbeelde van al drie hierdie modelle is, t w die Fariseërs, die Selote en die Essene respektiewelik. Maar Jesus kan nie onder een van die drie groepe geplaas word nie. Hy het nie probeer om die status quo ten alle koste te handhaaf nie. Hy wou dit nie ontvlug nie, maar wou dit ook nie revolusionêr omverwerp nie. Die skrywer verwerp die uitspraak dat Jesus 'n revolusionêr was as lasterlik. Om revolusionêre strukture omver te werp, los nooit probleme op nie, maar bring hoogstens 'n omruiling van rolle, waar die verdrukke van vandag die verdrukker van môre word.

Wat was Christus dan? Hy was 'n hervormer wat nie bloot uitwendige strukture wou omverwerp nie, maar wat 'n verandering van hart bewerkstellig het, en vandaar soos 'n suurdeeg deurgewerk het na die breë spektrum van die gemeenskap se denke en lewe. Die skrywer trek die reformasiebeginsel deur na die Reformasie van die sestiende eeu en gebruik weer drie modelle, naamlik Hus, Zwingli en Knox. Ek het tog 'n kritiese vraag op hierdie punt. Is dit waar dat 'n reformasie nie strukture omverwerp nie? Was die eindresultaat van Jesus se "reformasie" nie die vernietiging van die tempel en die opbou van die Kerk - sy liggaam nie?

(Mt 26:61). Toe Calvyn die reformasie teenoor Sadolet verdedig het, het hy gesê dat die Rooms-Katolieke Kerk nie meer staan op die fundamente van die apostels en die profete nie, daarom moet die Kerk hervorm, herstruktureer word op die fondament wat Christus daarvoor gegee het. Zwingli en Knox het beslis die strukture van die Roomse en Anglikaanse kerke in Zurich en Skotland omvergegooi!

Die skrywer pleit daarvoor dat daar 'n hervorming in die kerk moet plaasvind en dat die invloed moet deurwerk na die staat toe. Dit kan volgens Van der Walt nie plaasvind as die kerk en die staat nie in die regte verbouding tot mekaar staan nie. Hy beweer dat daar 5 modelle is: Die Christen kan van die wêreld wees (humanisme); bokant die wêreld wees (Rooms-Katoliek); langs die wêreld staan (Lutheranisme); teenoor die wêreld staan (Anabaptiste), of in die wêreld maar nie van die wêreld wees nie (Gereformeerd). Slegs laasgenoemde model kan ware hervorming in Suid-Afrika meebring. Die res van die boek is dan 'n pragtige uiteensetting van hoe die Gereformeerde kerke (in meer as een sin!) nie net in hulle roeping gefaal het nie, maar hoe hulle kan reformeer en so 'n bydrae maak om Suid-Afrika 'n beter plek te maak vir ons en ons kinders.

As gereformeerde teoloog het die boek my soms opgewonde gemaak. En tog is daar ook 'n skadukant. Nadat ek die boek deurgelees het, het ek gewonder of die skrywer, ten spyte van sy breedheid van siening, nie 'n beperkte blik op die probleem - en veral die oplossing - het nie. Wat is die persentasie van die totale bevolking wat deur hierdie bril na die situasie sal kyk? Verwag Van der Walt nie aan die einde van die dag dat die nuwe Suid-Afrika geskoei moet word op die Geneve-model nie? Al sou ons gereformeerdes dus opgewonde kan raak oor sy pragtige uiteensetting, moet ons verstaan dat vir die meerderheid van Christene in Suid-Afrika, om nie eers te praat van die nie-Christene nie, die boek 'n taal praat wat by hulle verbygaan.

Maar dit bring my by die groot bate van die boek. Bennie van der Walt roep die gereformeerde Christene op om ons deel te doen. Elkeen moet by homself begin, gehoorsaam word aan die Skrif, die Skrifbeginsels deurtrek na elke aspek van sy lewe ... kerk, politiek en die ekonomie. En om die gemeentelede te skool vir hulle dienswerk, bevat "Anatomy of Reformation" waardevolle preekstof vir die predikant. Maar omdat die boek maklik kommunikeer, kan dit deur lidmate gebruik word vir Bybelstudie en selfs wyksbyeenkomste of ander groepsbyeenkomste.

C J Botha

D A Rausch, *A legacy of hatred, Why Christians must not forget the holocaust*, second edition, Baker Book House, Grand Rapids 1990, 246pp.

Hierdie werk is uit die pen van een van die toonaangewende Christen navorsers op die gebied van Joodse studies en tans professor in Geskiedenis en Joodse studies by die Ashland Universiteit, Ohio. Hy begin sy werk met 'n hoofstuk waarin hy die betekenis van die gebeure in Duitsland vir vandag uiteensit. Hy wys op voorbeelde van rassisme teenoor Jode en swartmense in die VSA gedurende die afgelope dekades. In daaropvolgende hoofstukke gee hy 'n goeie oorsig oor anti-semitisme die afgelope paar eeue, toestande in Duitsland gedurende die negentiende eeu, die opkoms van Hitler en die Nazi Party, die verskillende stappe wat hulle geneem het teen die Jode, die Ghettos, konsentrasiekampe, hoe Christene in lande wat

deur die Duitsers beset is, opgetree het en Jode probeer beskerm het, selfs ten koste van hulle eie lewens; die Duitse kerkstryd en Hitler se einde en die oorgawe van Duitsland.

Die skrywer probeer dan om antwoorde op die vrae te kry van hoe dit moontlik was dat lede van 'n hoogsbeskaafde volk sulke gruweldade kon pleeg (p173vv). Die skrywer toon vervolgens aan dat die gees van Hitler nog lewe en wel is en voortgaan om mense en nasies te verslind (177). Die situasie in die Midde Ooste rondom die ontstaan van die staat Israel word geskets, en in 'n volgende hoofstuk wy die outeur uit oor die opkoms van bewegings soos die Ku Klux Klan en die groei van Neo-Nazisme, die Brits-Israel beweging en die verontrustende aantal neo-Nazi groepe, hulle wapenopslagplekke en die terreur en haat wat hulle vandag voortbring (195). In hoofstuk 19 gaan die outeur in op die sielkundige agtergrond van die vervolging van die Jode. Weens jarelange volgehoue propaganda het die Duitsers uiteindelik geglo dat dit reg is om die Jode wat 'n laer vorm van die mensdom was, uit te wis. Die leiers wat daaglik betrokke was in die uitwissing van die Jode en baie tyd kon bestee aan besprekings oor tegniese verbeteringe om die massa-uitwissing te bespoedig, kon rustig op 'n Ou-Kersaand in hulle eie familiekringe deurbring soos gewone mense! Eichmann en Göring het gewone persoonlikhede gehad, en Von Schirach, die jeugleier, het selfs 'n superieure persoonlikheid gehad (199). Uit onlangse eksperimente toon die skrywer aan dat enigeen daartoe gebring kan word om iemand anders te martel.

In 'n hoofstuk oor die Bybelse perspektief op rassisme konkludeer die outeur dat Christene 'n verantwoordelikheid het om hul kinders in te prent dat die lewe iets kosbaars is - dit word dwarsdeur die Bybel beklemtoon. In die Epiloog word verskillende voorbeelde aangehaal van rassebotsings in die VSA. Die woorde van 'n Duitse predikant bly waar: "The temptation to hate, blame, and seek revenge is always there. It's out there now, waiting for a leader" (232).

Die boodskap van die boek is ontstellend. Dit is geen apologie wat simpatie vir die Jode wil wek nie maar koud en klinies wys die skrywer op die feite en toon hy aan dat wat in Duitsland gebeur het eintlik elders ook kon plaasvind. Hy wil daarom juis waarsku teen die tendens van rassisme. Vir ons in Suid-Afrika het dit bepaald 'n boodskap, want ons beleef rassisme elke dag, boweal, as ons eerlik wil wees, ook in ons eie lewe. Die Duitsers se pogings om 'n presiese definisie op te stel van wie nou eintlik 'n Jood is (p73) en wie half-joods of kwart-joods en wie 'n *mischling* is, sou lagwekkend gewees het, was dit nie vir die tragiese afloop nie, want dit het die betrokkenes niks gehelp nie en uiteindelik is almal uitgewis. Die verstrengeling in wette wanneer eenmaal met rasseklassifikasie begin is, herinner ons aan ons eie verlede toe die kam van jou hare bepaal het by watter groep jy behoort het. Ironies is dat die "model Ariese baba" in 1935 uiteindelik geblyk het van Joodse afkoms te wees! Die lees van die boek is beslis die moeite werd en waarsku teen tendense in die wêreld van vandag wat bewys dat rassevooroordeel nie met die nederlaag van Nazi-Duitsland uitgesteef het nie.

C F A Borchardt

W V van Deventer, *A Congregation in a world of poverty*, Supplement to Theologia Viatorum, no 1, University of the North, Sovenga 1991, 135 pp. Prys R10,00.

In algemene terme sou hierdie publikasie beskryf kan word as 'n teologiese interpretasie wat die probleem van armoede - soos dit voorkom op mikrovlak binne 'n plaaslike gemeente van

die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika - in oënskou neem. Die makroproblematiek rondom armoede (d i politiese en sosio-ekonomiese vraagstukke) word in hierdie werk voorveronderstel. Daar is 'n soeke om begrip vir die gevoelens, denke, woorde, daede en behoeftes van hierdie mense wat daagliks met armoede gekonfronteer word. Kwalitatiewe deelname, waarneming en analise rakende die lede van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika van Tshilidzini in Venda maak 'n groot deel van die metodiek van hierdie studie uit. Sommige eksegetiese en dogmatiese bronne word selektief toegepas na gelang van die relevansie daarvan.

Hoofstuk 1 is 'n teologiese refleksie waarin die basiese en onderliggende konsepte van belang vir die bespreking uiteengesit word. 'n Poging word aangewend om terme soos *gemeente*, *wêreld* en *armoede* te verstaan. Daar word uiteindelik op die interafhanklikheid van hierdie konsepte as die teologiese raamwerk waarbinne die probleem van armoede voorkom, gewys. Riglyne vir 'n relevante en effektiewe praktiese bediening van bevryding en ontwikkeling kan hieruit verstaan en geformuleer word.

Hoofstuk 2 soek na die verband tussen armoede en die mensbeskouing van die tradisionele Venda. Baie van die aspekte wat hier aangeraak word, is universeel aanvaarbaar, maar omdat die skopus van die studie in die besonder konsentreer op 'n spesifieke mikrokonteks, word die klem gelê op etnokulturele en psigokulturele perspektiewe rakende Venda kommunalisme, in 'n poging om die probleem van armoede vanuit 'n tradisionele Venda antropologiese perspektief te beskou.

Hoofstuk 3 vergelyk die tradisionele Venda antropologie met die Griekse dualisme en die moderne Westerse funksionalistiese-toekomsgerigtheid. Met hierdie vergelyking word daar gesoek na beter begrip vir die probleem van armoede in 'n tradisionele Afrika konteks. Die hoofstuk gaan dan voort deur 'n kriptiese oorsig te bied van algemene historiese neigings in die teologiese antropologie. Die uiteindelige doel van hoofstuk 3 is nie om 'n uitgebreide teologiese antropologie daar te stel nie. Daar word eerder gekonsentreer op daardie aspekte van die teologiese antropologie wat relevant is vir die verstaan van hoofstuk 2, terwyl dit ook 'n effektiewe vertrekpunt in die formulering van riglyne vir hoofstuk 4 bied.

Hoofstuk 4 is daarom slegs riglyne waarbinne 'n relevante praktiese bediening van bevryding en ontwikkeling geformuleer kan word, om sodoende die armoediges en hulle belange effektief op plaaslike gemeentevlak te kan bedien.

Ds W V van Deventer is reeds 'n geruime aantal jare werksaam as leraar in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Tshilidzini. Hierdie geskrif is aan die Universiteit van die Noorde se Bybelkunde Departement voorgelê as MA-verhandeling. Ek beskou dit as 'n waardevolle bydrae, vanweë die agtergrond waarbinne die teologiese refleksie van Suid-Afrika moet plaasvind én as 'n teologiese antwoord oor die probleem van armoede in swart gemeenskappe.

Die boek getuig nie alleen van die fyn waarnemingsvermoë van die skrywer nie, maar ook van sy opregte meeleving. Ondervinding met mense word nie in boeke opgelees nie, dit moet eers beleef word. Dit bied vir die mens wat self worstel, of wil worstel met die problematiek van armoede en in 'n mate ook Afrika nie net riglyne nie, maar ook groter begrip. In hierdie begrip word hoop gebore.

F J Herselman

Joel A Carpenter & Wilbert R Shenk (Eds), *Earthen Vessels. American Evangelicals and Foreign Missions, 1880 - 1980*, Wm B Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan 1990, 350 + xvi pp. \$15,95.

Ongeveer 55 000 van die 82 000 oorsese Protestantse sendelinge wêreldwyd was in 1980 afkomstig uit die VSA en Kanada, dit wil sê ongeveer 2 uit elke 3 sendelinge (Samuel Wilson (ed), *12th edition. Mission Handbook: North American Protestant Ministries Overseas*. MARC, Monrovia, California 1980, p20)! Dit beteken dat die Amerikaanse sendelinge 'n sterk en herkenbare teenwoordigheid in kerklike en veral sendingkringe is, maak nie saak waar in die wêreld jy jou bevind nie. Selfs in Suid-Afrika was daar in 1980 digby 600. Dit is 'n teenwoordigheid om mee rekening te hou! En tog, so nodig en selfs onmisbaar as wat hierdie sendelinge is in die meeste van die 192 lande waarin hulle werk, is hulle orals kontroversieel, 'n gemengde seën. Waarom is dit so?

Deur die loop van die afgelope eeu was dit nie alleen die Amerikaanse bydrae tot die wêreldsending wat hand oor hand toegeneem het nie, maar dit was veral die "evangeliese" komponent wat hierdie bydrae gelewer het. Aan die begin van die 20ste eeu was dit hoofsaaklik die groot Protestantse denominasies wat die sendelinge uitgestuur het. Tans word 10 uit elke 11 sendelinge egter deur onafhanklike geloofsendinge, of die sendinge van konserwatiewe denominasies, uitgestuur. Wie is hierdie "Evangelicals"? Wat glo hulle? Waarom het hulle so 'n oorheersende invloed in die wêreldsending? Hierdie is belangrike vrae, en dit is die soort vrae wat op 'n baie interessante en nie-apologetiese wyse in hierdie boek behandel word.

Die boek is op 'n baie bevredigende wyse saamgestel. 'n Verskeidenheid outeurs behandel die ontwikkelinge binne die Protestantse sektor van die Amerikaanse kerklike lewe ten opsigte van die wêreldsending, maar sonder dat die gewone hinderlikhede van so 'n saamgestelde boek na vore kom. Nie net is dit baie goed versorg deur die uitgewers nie, maar dit lees soos 'n aaneenlopende verhaal. Selfs die styl bly deurgaans feitlik dieselfde. 'n Waardevolle indeks agterin verhoog sy naslaanwaarde.

In die eerste hoofstuk gee die bekende Andrew Walls van Skotland die toon aan met sy "American Dimension in the History of the Missionary Movement". Hierin word al die netelige vrae en persepsies wat hierbo ter sprake gekom het aan die orde gestel. Die ander hoofstukke van die boek kan beskou word as 'n gesprek oor hierdie sake.

Die volgende paar hoofstukke handel oor die eerste jare van die onafhanklike sendingbeweging. Dit was veral die pre-millennialistiese teologie van manne soos A T Pierson en A J Gordon, en die dringendheid daaraan verbonde, wat veroorsaak het dat onafhanklike evangeliese organisasies langs die tradisionele denominasionele komitees ontstaan het. Die wagwoord van Pierson "the evangelisation of the world in this generation", is deur hom letterlik bedoel, want die wederkoms kon nie plaasvind voordat almal nie gehoor het nie, en Jesus moet gou kom!

Op daardie stadium het dit nog glad nie 'n afskeiding van die denominasionele aksies beteken nie. Bogenoemde manne het steeds 'n groot rol in hulle kerke se sendingkommissies gespeel. Maar teen 1920 het die groot "fundamentalist- modernist" kontroversie uitgebreek. Die opstel van Patterson toon aan hoedat hierdie stryd die "Protestant missionary consensus" aan skerwe laat spat het. Ten spyte van die vorige verskille in klem, en die spesialisering van verskillende genootskappe, kon verklaar word dat daar in Protestantse kringe teen 1920 nog 'n algemene ooreenstemming oor vier sake was (bladsye 74-76), naamlik:

- (a) evangelisasie en kerkformasie is 'n dringende prioriteit vir sending;
- (b) Jesus Christus is die sentrale inhoud van die evangelie, en dit konstitueer die uniekheid en onoortreflikheid van die Christelike geloof;
- (c) sosiale betrokkenheid is 'n onmisbare deel van sending; en
- (d) ekumeniese samewerking moet altyd gesoek word.

Veral laasgenoemde het in die twintigerjare baie moeilik geword, weens die opkoms van die fundamentaliste en die militante stryd wat hulle gevoer het teen enigiets en enigiemand wat hulle as modernisties/liberaal beskou het - en dit het heelwat van die leidende sending- en ekumeniese figure soos Robert Speer ingesluit. Spoedig het daar opponerende kampe ontstaan en het uiteindelik ook die ander elemente van die genoemde konsensus gesneuwel, van die regterkant en die linkerkant. Die fundamentaliste het sekerlik iewers op die pad perspektief verloor, maar hulle het tereg gewaarsku teen die teologiese jellievisse soos Hocking, met sy "Layman's Report" van 1932. Teen 1945 het daar gevolglik reeds 'n effektiewe skeiding ontstaan tussen die sendingpogings van die groter denominasies (hoofsaaklik geassosieer met die National Council of Churches) aan die een kant, en dié van die "fundamentalists" of "conservative evangelicals" (wat natuurlik ook groot Kerke soos die Southern Baptists ingesluit het) aan die ander kant.

Wat sou in die na-oorlogse tyd op hierdie terrein gebeur? Die opstel van Van Engen beskryf die ontwikkelinge "from fundamentalism to evangelicalism". Ook binne die stroom wat so min of meer afskeid geneem het van die liberale groep het daar mettertyd 'n verskeidenheid van beklemtonings ontwikkel. Terwyl sommige eenvoudig by die versterkte fundamentalistiese sieninge gebly het, was daar groot groepe wat uiteindelik ook na die vroeë begin kyk het wat die eerste liberale van koers gestuur het. Teen die tagtigerjare was die evangeliese beweging 'n baie meer gebalanseerde en volwasse groep wat in allerlei opsigte betekenisvolle bydraes gelewer het, nie net in die entoesiastiese wyse waarop sending wêreldwyd bedryf is nie, maar ook in die nadenke oor die teologiese uitdagings aan die sending.

Die evangeliese Amerikaanse sendelinge lê egter nog steeds onder die beeld wat daar in die Derde Wêreld van hulle bestaan. Onlangs het dit my nog in Kenia getref hoedat die evangeliese sendinge gewoon "fundamentalist" genoem word - deur Protestante sowel as Katolieke. Pierard in sy opstel oor die "*Pax Americana* and the Evangelical Missionary Advance" lê sy vinger op die oorsaak wanneer hy wys op die sendelinge se optimistiese en onkritiese vereenselwiging met die Amerikaanse na-oorlogse "skeidsregtersrol" in die wêreld. Hulle verbintenis aan die Amerikaanse beeld, meer miskien as enigiets anders, het die na-oorlogse sendelinge onder 'n wolke laat werk. Ongelukkig is daar ook die sendelinge wat hierdie karikatuur versterk. Sal hulle wel weer van hierdie beeld kan ontslae raak?

Vir almal wat in die wêreldsending belangstel, en daarom nie anders kan as om simpatieë te wees teenoor die geweldige bydrae wat die Amerikaanse evangeliese christene speel nie, bied hierdie boek baie waardevolle agtergrondgegewens en dieper insig.

J J Kritzinger

Daar word in ons tyd baie met die erediens geëksperimenteer. Saam met J C Müller meen ons dat dit alles tekens is van 'n dieperliggende simptoom. Sekularisasie het die kerk binnegedring. Die kerk word irrelevant en onbelangrik. Die probleme waarmee ons te make het in die erediens is: tradisionalisme, ritualisme en wettisme. A C Barnard voeg 'n vierde by, naamlik: normlose en ongebonde eksperimentering. In plaas van 'n ontmoeting met God waar Hy die sentrale plek inneem, maak sommige van die erediens 'n speelveld. Dit is seker tans een van die grootste kopsere wat die kerk mee sit. Baie wil alles verander omdat die erediens vir hulle verstar, bewegingloos en passief geword het. Ander wil verander omdat hulle op soek is na egte vernuwung. Hoe kan ons steeds 'n heilige vrees vir God behou te midde van vernuwende pogings? Hoe kan die vreugde-element in die erediens tot sy reg kom sonder dat dit ontaard in 'n roekelose lawaai? Hoe kan mense diens lewer en deelneem in die erediens te midde van die groot aantal lidmate wat net wil kerk toe kom om daar stil te wees? Christus se teenwoordigheid hoef nie deur allerlei truuks in die erediens bevestig te word nie, maar die vraag bly steeds hóé? Dit vra dat 'n fyn balans gehandhaaf sal word. Dit is juis in dié opsig dat die boek vrae beantwoord en tog weer aan die ander kant tot ander vrae prikkel waaraan aandag gegee sal moet word. Met die deurlees van die boek besef 'n mens maar te gou dat elke skrywer geskryf het vanuit sy eie perspektief - die een vanuit die koninkryksperspektief, 'n ander vanuit die gemeenteperspektief, en 'n ander een vertel die geskiedenis soos dit gebeur het. Dit kan natuurlik goed en minder goed wees. Wie net een artikel lees, kan 'n verskraalde begrip van die erediens kry. Wie die hele boek lees, besef dat meer kante van die erediens belig is deur verskillende skrywers wat dit ernstig bedoel met die diens aan God (die erediens).

Die groot gevaar bly maar altyd dat die liturgie, litargie word (J A Laubscher). Dit is wanneer die erediens vir ons sinoniem word met slaapsug, sufheid en dooierigheid. Die probleem het deels te doen met onmondige lidmate. Die groot probleem is dat lidmate nie veel van die erediens begryp nie. Juis omdat die erediens die middelpunt is van die gemeentelike lewe en arbeid (H J C Pieterse) moet die gemeente gelei en opgevoed word tot liturgiese mondigheid. Oor die hoe hiervan sal nog lank gedink en besin moet word. Die boek stimuleer ten minste hierdie saak inderdaad tot nadenke. Dit moet net gedoen word, soos herhaaldelik uitgewys, in samewerking met die lidmate. Die erediens is die hart van die lewe van die gemeente. Daar moet 'n voortdurende wisselwerking wees, tussen die lewe na die erediens en die lewe vanuit die erediens. Dit is belangrik dat die gemeente 'n goeie beeld van haar erediensbelewung aan die wêreld sal voorhou. Die kerk moet steeds sorg dat dit sy magnetiese krag sal behou. Hier spreek M Nel 'n belangrike woord "Dat die erediens evangelisasiepotensiaal het, word allerweë toegegee. Of die erediens genoegsaam vir hierdie potensiaal benut word, word eweneens allerweë bevraagteken". Hy vra 'n paar kritiese vrae: Het die erediens nie net so wêreldvreemd geraak as wat die wêreld, en ook 'n groot deel van die kerkwêreld, erediensvreemd geraak het nie? Kom die erediens nog in die wêreld? Hoe word die erediens meer "wêreldgetrou"? Mag dit in elk geval gebeur, of beteken dit dan "erediensontrouheid"? Waar en hoe ontmoet teologie en wêreld mekaar in die erediens op so 'n wyse dat God verheerlik word? Alhoewel dit nie sy bedoeling is om al hierdie sake in te gaan nie, bespreek hy tog die belangrike sake soos die wêreldkarakter van die erediens en die evangelisasiepotensiaal van die erediens.

Die boek "In gesprek oor die erediens", as Teologiese Huldigingsbundel aan prof A C

Barnard, huldig hom as "liturgiese pionier". In die woorde van A J Smuts was by "n lojale kollega, 'n harde werker, pligsgetrou en gedissiplineerd, deeglik, sistematies, eerlik en opreg". "Hy het in die tradisie van die fakulteit, naamlik die klem op die Bybelse teks, dit ook in die Praktiese Teologie uitgeleef en gedemonstreer" (W S Prinsloo).

Die boek is beslis 'n "terugdink" aan 'n groot liturg en teoloog, maar ook 'n stimulasie vir nadenke oor die erediens.

H S Breytenbach

J C Müller, *Die erediens as fees*, NG Kerkboekhandel, Pretoria 1988, 108 pp. Prys R25,00.

Reeds met die eerste oogopslag is hierdie boekie 'n fees vir die oog! Die pragtige boekomslag verbeeld tegelyk iets van die inhoudelike karakter van die boek.

Julian Müller is reeds bekend vir sy helder, maklik leesbare skryfstyl, sonder om daarmee sterk teologiese inhoud in te boet. Müller slaag daarin om die historiese wortels, die teologies-liturgiese grondlyne en die prakties teologiese konsekwensies saam te bind in 'n sinryke geheel sodat juis die lidmate van die kerk ook daarby baat kan vind.

Die temas wat onder bespreking kom is onder andere:

- * Die fees van die Gees
- * Die fees van die gemeente
- * Kinders in die erediens
- * Ampsdraers in die erediens
- * Die atmosfeer in die erediens
- * Sang en musiek in die erediens
- * Die erediens en die kerkgebou

Die verskillende elemente van die volledige erediens (d w s met sakramente) word met stimulerende, praktiese voorstelle of voorbeelde bespreek onder die opskrif: Hoekstene vir die erediens. Op p 56 skryf hy: "In die lig van die Skrif, die gereformeerde belydenis, die liturgiese tradisie en in die lig van die logiese verstaanbaarheid, kan ses hoekstene in 'n bepaalde volgorde neergelê word."

Die hoekstene is:

- 1 Die aanvang en groet
- 2 Verootmoediging en vrypraak
- 3 Prediking
- 4 Sakramente
- 5 Antwoord
- 6 Wegsending

Elke "hoeksteen" word op sy beurt uitgebou met bepaalde, teologies toepaslike "boustene". Daar kan vir die praktiese toepassing van hierdie "liturgiese strukture" gebruik gemaak word van talle insiggewende en bruikbare responsoriese of dialogiese gebede (p65, 98), lofuiting (p91), die bekende Kyrie Eleison (Sing Onder Mekaar, lied 18) ensomeer.

Hierdie boekie van Müller voorsien, myns insiens, in 'n al hoe groter wordende behoefte aan liturgiese leiding. Regoor die wêreld in die verskillende kerke word tans baie aandag gegee aan die liturgiese inrigting van eredienste waar 'n sinvolle verhouding gesoek word tussen vastheid en variasie. 'n Groot behoefte aan liturgiese opvoeding vir beide liturg en lidmaat is reeds deur talle formele en informele navorsing aangetoon.

Die werk van Müller word met groot vrymoedigheid aanbeveel en lewer gewis 'n belangrike bydrae tot die prakties-teologiese gesprek rondom die erediens!

J A Laubscher

C W Burger, B A Müller, D J Smit, *Verdere riglyne vir adventsprediking*, Lux Verbi, Kaapstad 1990, 236 pp. Prys R37,75.

Verdere riglyne vir adventsprediking vorm deel van die eerste reeks van Woord teen die lig. 'n Insiggewende inleidingsartikel berei die weg vir die reeks preekriglyne. Genoeg om te sê dat dit die moeite werd is om die artikel te lees.

Getrou aan sy voorgangers, voldoen die boek ook aan die eis van uitnemendheid. Hier word 'n rykdom van preekstof vir advent gebied. Die prediker word uitgedaag om te soek en te vind. Klein puntjies van kritiek: miskien kan daar meer aandag aan die liturgiese samehang gegee word. 'n Preek is immers deel van 'n liturgiese gebeure. Daar is tog dele uit die Ou Testament (byvoorbeeld Jesaja) wat té maklik op Kersfees uitloop. Die pad is nie so eenvoudig nie!

Die boek word hartlik aanbeveel vir gebruik.

C J A Vos

C W Burger, B A Müller, D J Smit, *Riglyne vir prediking oor vrede*, Lux Verbi, Kaapstad 1990, 318 pp. Prys 47,85.

Die riglyne vir prediking oor vrede vorm deel van die derde reeks van die reeds bekende Woord teen die lig reeks. In dié reeks handel dit oor riglyne vir prediking oor etiese temas.

Die etiese tema wat in die werk aangesny word, is vrede. Die rede hiervoor word in die inleidingsartikel gegee: "omdat vrede en die bedreiging van vrede een van die sentrale temas van die Bybel en van die geskiedenis van die mens in die algemeen uitmaak". In die inleidingsartikel word die koers waarin vrede gesoek en gepreek moet word, aangedui.

Getrou aan sy voorgangers, is die aanpak eksegeties, hermeties en homileties van aard. Die verskillende skrywers verskil in benadering ten opsigte van die gewig van die drie komponente. Soms is die eksegetiese gedug, en ander kere het dit minder om die lyf. Die gebruiker van die werk kan maar self die diepgang van die uitleg peil deur selfstandig eksegetiese te doen. Oor die algemeen is die uitleg van hoë gehalte. Oor die keuse van tekste 'n enkele opmerking: dit val tog op dat die Ou Testament, waar die begrip sjalom telkens voorkom, 'n bietjie afgeskeep is. Homileties word daar erns gemaak met die situasie waarin die vrede moet konkretiseer. Dit kan ook nie anders nie. Die Bybelse vrede moet tog hier en nou waar word.

In die kontekstualisering kom die homileet se eie situasie, en selfs eie voorkeure, ook aan die lig. 'n Preek kan selfs dit nie ontsnap nie. En tog moet die homileet op sy hoede bly dat sy ervaringe nie die teks voorsê nie. Die homiletiese riglyne bied egter genoeg blyke van egte worsteling met die teks en die situasie.

Met die oog op die verkondiging van die vredesboodskap kan riglyne vir prediking oor vrede vandag juis vandag met vreugde begroet word. Die boek word hartlik aanbeveel vir gebruik.

C J A Vos

A van der Colf, *Lig en Lewe*. Dagstukke vir een jaar, N G Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1990. R11,95.

Die groot gevaar van dagstukkies is dat net hier en daar 'n teks gegee word en dat 'n mens dan oppervlakkig met die Skrif omgaan.

Lig en Lewe wil lesers egter help om sistematies Bybelstudie te doen. Daarom word volledige Bybelboeke uit die Ou Testament en die Nuwe Testament behandel. Vir Januarie behandel dr A van der Colf Psalm 86-120, en aan die einde van die boek behandel hy Psalm 121-150. Calvyn het die psalms beskryf as "die anatomie van alle dele van die siel". God daal deur die psalms in die bewussyn van die mens neer en ontleed sy gedagtes en gevoelens. Die psalms is soos diamante wat met elke skrywer weer ander fasette belig.

Vir Februarie word Kronieke behandel, vir Maart Jakobus, vir April Esegjël, vir Mei Esra, vir Junie Hebreërs, vir Julie Esegjël, ensovoorts.

Wat my persoonlik met die Bybelstudies hinder, is dat te veel oorsigtelike stof te wyd en te algemeen aangebied word. Natuurlik vervul dit 'n sekere behoefte. Verder moet 'n mens denkspronge maak van die een teks of boek na die volgende. Dr A van der Colf slaag egter daarin om 'n geheelbeeld by die lesers tuis te bring. Nadat die ballingskap en die stryd in die vreedse behandeling is volg Psalm 121-134 as die "Pelgrimspalms".

'n Verdere pluspunt is die kort verduidelikings wat gegee word voor elke maand se Bybelstudies oor 'n bepaalde boek. Dit rig 'n mens se gedagtes.

Mag sy opskrif van Psalm 133 ons gebed word vir elke huis: "As die families maar rondom hierdie boek sal saamsit!"

H S Breytenbach

A H van Zyl, *Uit die Beek*. N G Kerk-Uitgewers, Kaapstad 1991. R11,95.

Sedert 1924 word die doel met "Uit die Beek" steeds voor oë gehou, naamlik dat die Bybel stelselmatig van voor tot agter deurgelees word.

Die titel "Uit die Beek" is geneem uit die Nederlandse Statevertaling van 1 Konings 17:6 "en hij dronk uit de beek".

Prof A H van Zyl, bekende teoloog en skrifverklaarder is al jare lank verantwoordelik vir die stukkie: "Uit die Beek".

Die skrifgedeeltes wat vir 1991 as agtergrond dien, strek vanaf Job 15:1 tot Jesaja 30:7. Pragtige stukkie word behandel, soos byvoorbeeld die gesprek van God met Job in hoofstuk 38 en die voorbeeld wat Job vir sy vriende stel deur vir hulle te bid in hoofstuk 42.

Prof A H van Zyl probeer verder om te hou by die kerklike jaar, wat 'n mens opnuut daarvan bewus maak.

Aan die einde van die boekie maak hy 'n baie sterk appèl op elke leser "om afskeid te neem van alles wat jy belangriker ag as God. Daar is nog tyd. Doen dit nou. Lê u lewe finaal in sy hand".

Dit is 'n manier om die Bybel saam met tienduisende Bybelgelowiges van voor tot agter deur te lees.

H S Breytenbach

J Cilliers, *Meer as mossies: oordenkings en Bybelstudie oor die onse Vader-gebed*, Lux Verbi, Kaapstad 1990, 68pp. Prys R9,30.

In die boek word agt gedagtesnitte op die "Ons Vader" gemaak. Waar wat aangebied word meer "oordenkings" is, sou, na my mening, die lesers deur die "Bybelstudie" met die toevoeging van meer grondige eksegetiese stof, in die vorm van òf voetnotas òf afsonderlike gedeeltes ná elke stuk gehelp kon word. Hierdie werk kan egter beslis aanbeveel word vir persoonlike stigting en groepsbespreking en hier kan die meeste van die vrae (en daar is opdragte ook!) in die gedeelte "Vrae vir persoonlike oorpeinsing of groepsbespreking" goeie diens verrig.

D F Olivier

P W Marais, *Die tien woorde van God*. N G Kerkboekhandel, Pretoria 1990, 2e uitgawe, 367pp. R21,00.

Die doel van die wet, sê Calvyn, was nie om die uitverkore volk van Christus weg te lei nie, maar om hulle harte in verwagting te hou tot met sy koms. Net dié sin laat 'n mens met nuwe aandag na die wet luister, want "die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel". Die bevel van die Here is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die Here is suiwer: dit verlig die oë (Ps 19:8,9). Die wet is die gehoorbuis waardeur ons God hoor praat.

Hierdie werk is oorspronklik geskrywe om as dagboek te dien. Later is besluit om daarvan af te stap en dit liewers as 'n boek met twaalf hoofstukke aan te bied. Die 365 paragrawe getuig van die oorspronklike vorm waarin dit opgestel is.

Dwarsdeur die boek raak 'n mens intens bewus van die afhanklikheid van die mens en die grootheid van die genade van God. In hierdie gebooie, geskryf met die vinger van God (Eks 31:18; 32:16), is God persoonlik aan die woord en word die mens in sy persoon aangespreek en aan bepaalde norme gebind. Op 'n ondubbelsinnige wyse word die wil van God aan die mens bekend gemaak - soos eg in die persoon van die skrywer. Die boek kan duidelike rigting aandui in hierdie verwarde en verwarrende wêreld waarin ons leef. Die tien gebooie is immers nie tien lastige wag-'n-bietjie-bosse waarom ons moet loop om tog ook maar by die snelweg

van die wêreld aan te sluit nie. Dit is nie honde wat ons wil doodbyt nie, maar herdershonde wat ons wil wegkeer van die kwaad af. In 'n tyd waar die eie ervaring of gewete of selfs die voorbeeld van andere die norm word, is die boek opnuut aktueel. In hierdie boek, soos met die wet, word elke mens opgeroep tot verantwoording. Rekenskap word geëis met betrekking tot sy antwoord op die eise van die wet van God. Beginsels, as afgeleide standpunte, moet gedurig getoets word aan die wet. Wanneer daar gevind word dat verkeerde afleiding gemaak is, "moet veranderings en aanpassings nie te gou gemaak of afgedwing word op 'n gemeenskap wat nie gereed is vir sulke aanpassings nie" (p17). Daarmee wil die skrywer net dat alles voortdurend weer getoets sal word aan die Skrif.

Dr P W Marais is alom bekend as kerkman, Godsman, prediker, skrywer, kenner van die Woord van God en die belydenisskrifte van die kerk. Dit word dan ook duidelik gesien in sy skryfstyl en die erns wat hy met die skrif maak. Hy het maar net een begeerte en dit is "dat elkeen die wil van God vir hulle daaglikse lewe sal ken".

Hierdie is 'n boek wat elkeen behoort te besit - op sy rak en in sy verstand.

H S Breytenbach

Colin Duriez, *The C S Lewis handbook. A comprehensive guide to his life, thought, and writings*, Baker Book House, Grand Rapids 1990, 255 pp. Prys onvermeld.

Deur middel van sleutelwoorde word toegang verleen tot Lewis se denkwêreld. Almal wat met sy boeke in aanraking gekom het, sal weet dat dit 'n ryk en verrykende wêreld is. Wie kan "The Screwtape Letters" and "Mere Christianity" vergeet? Die sleutels ontsluit deure waaragter 'n groot gees woon.

Ek beveel die werk graag aan.

C J A Vos

Keith J Hardman, *Charles Grandison Finney. 1792-1875*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1987, 521pp.

Hierdie is 'n uitstekende biografie. Hardman het daarin geslaag om die resultate van sy navorsing in 'n interessante en lewende storie saam te vat. Deur hierdie boek word 'n belangrike gaping in die Amerikaanse godsdienstige geskiedenis gevul.

Amerika was in die agtiende en vroeë negentiende eeu absoluut ryp vir "revivalistic influence". Die vereniging van kerke in New England, die ongeletterdheid van die setlaars en die onopgevoede en onafgewerkte samelewing het daartoe gelei dat allerlei ooredingsmetodes uiters effektief gebruik is. So het talle dorpie herlewings beleef in die jare van 1830.

Later het die groot ontwaking na die Ooste beweeg. Die mense was inderdaad baie vatbaar vir die evangelie.

Die predikers het gebruik gemaak van massale opwekkingsdienste en 'n nuwe teologie. Talle het probeer om hierdie nuwe beweging te stuit (The Old School Presbyterians), maar sonder sukses. Dit het geblyk dat die getalle belangriker was as die status quo. Midde-in hierdie debat het Charles Finney gestaan. Hy het bekend gestaan as die insieerder van

hierdie massa-evangelisasie. Vanuit sy totale nuwe aanslag op die prediking is 'n nuwe houding gebore. Sy styl is voortgedra deur onder andere D L Moody en Billy Graham.

In die weste was die situasie totaal anders. Die volk was wetteloos, kerkloos en onchristelik. Die groot verandering het gekom in die tyd van James McGready (1758-1817). Hy het besef dat die mense meestal ongeletterd was en nie vatbaar vir die fyner punte in die teologie nie. Massabyeenkomste is orals gehou, met groot sukses. Emosionele godsdienstelewenisse het orals voorgekom. "The index to a preacher's baptism with the Holy Ghost was to be manifested in his lungpower, his ability to array hell and its horrors before the wicked so that they would quake and tremble. Theological subtleties were of no value on the frontier".

Alle vooroordeel teenoor die oplewings is in 1835 deur Charles Finney uitgewis. Hy verklaar in sy "Lectures on Revivals of Religion": "a revival is not a miracle, nor dependent on a miracle, in any sense. It is a purely philosophical result of the right use of the constituted means". Met "means" bedoel hy dan spesifieke evangelisasietegnieke, wat die mense kan oortuig tot geloof. Die samewerking tussen die "Congregationalists" en die "Presbyterians", die aanvoerder deur Solomon Stoddard en N Taylor in "revivalism and denying original sin", het die klimaat geskep dat Finney met sy ambisie, vreesloosheid en gedetermineerdheid kon voortgaan op die herlewingspad.

Later het Finney hom begin toelê op skryfwerk. Veral sy lesings oor herlewing was uitstekend. Hy het ook tot die besef gekom dat die sukses tot evangelisasie meer intensiewe opleiding was (p381). Hy het later erken dat dit 'n fout is om mense godsdienstig-emosioneel te druk. Mense moet tot 'n eerlike sondebef kom, en oortuigingswerk lê in die eerste plek by God en nie by predikers nie. Finney het 'n baie eng siening gehad oor die regverdigingsleer. Alle sondaars verdien die ewige straf. 'n Persoon is vir hom of volkome sondaar of volkome heilig. 'n Christen kan nie sonde doen nie (p390). Aan erfsonde heg hy maar min waarde.

Charles Finney sterf aan 'n hartaanval op die ouderdom van 83 jaar. Talle mense het God gedank vir sy ywer, prediking en mooi lewe.

In die woorde van Charles White "A fascinating story of the life and influence of the premier evangelist of the nineteenth century". 'n Biografie wat soos 'n storie lees en elke leser met die Amerikaanse situasie van destyds en die gedagtes rondom herlewings sal boei.

H S Breytenbach